# Die WAPAD

P.U.K. IN U LIG

**STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.**

REDAKSIE

**Hoofredakteur:** R. G. Kriel. **Tegniese Adviseur:** P. J. W. Louw.

**Subredakteure:** L. Dekker, L. S. Kruger, M Venter, Mejj. H. Hofmeyr en H. Yssel.

**Administrasie:** J. P. H. Viljoen (voors.), G. J. Wissing, L. J. Nelson, B. J. Kruger.

Deel IV. No. 2. 8 April 1949. 3/- per jaar.


# DIE A.S.B.- UITGAWE

**DIE A.S.B.-TAK VAN P.U.K.**

## ONS BEGIN MET DADE

**Die A.S.B. in die algemeen, sowel as die A.S.B. op P.U.K. vir C.H.O. begin 'n nuwe jaar—sy eerste nuwe jaar van werksaamhede. Die verlede kyk verwagtend en vol vertroue na ons. Die toekoms luister gespanne. Wat van die hede?**

**Die A.S.B.-tak op P.U.K. gryp die hede aan met daadkrag, ywer, werklus en geloof. Met die beurkrag van die os staan ons in die juk, gereed om die vrag wat aan ons toevertrou is met sukses te besorg—ons roep daarom alle A.S.B.-takke dwarsdeur die land toe: Komaan! Laat ons antwoord aan die eis wat aan ons studerende jeug gestel word.**

Met onweerstaanbare geweld moet ons die toekoms indring. Vanuit onsself moet ons 'n voortskrydende lewe toon—'n krag en impuls wat as bewegende brandpunt van ons tyd die toekoms verower vir die Afrikaner Jeug. Die A.S.B. het in sy hande 'n kosbare erfenis:—Die Afrikanervolk van die hede en die toekoms. In ons as jeug is saamgevat ons volk se **behoud** . . . òf ons volk se **vernietiging.** Laat ons ons geweldige verantwoordelikheid aanvoel—so sal ons die roeping wat op ons gelê is besef. Hierdie bewustheid sal aan die A.S.B. vaste rigting gee. Meer nog: Dit sal ons trou, getrou en betroubaar maak om te gebruik en te behou wat aan ons toevertrou is. So en so alleen wag vir ons die blye teken van lig aan die oosterkim. Laat ons almal dit besef, „Want kyk, die dag het gedaal en dit is amper nag."

**In hierdie gees begin die A.S.B.-tak van P.U.K. vanjaar sy werksaamhede.—Die eerste vereiste is: Ons moet LEWE. Elke lid van die A.S.B. moet lewe. Die hele organisasie moet getuig van tintelende opborrelende lewenslus. Dade sal die resultaat wees.—Omdat ons hierdie lewenskrag besit, begin ons as A.S.B.-tak op P.U.K., met dade.**

Benewens die programvergaderings, waar ons trag om opbouende, leersame en insiggewende toesprake sowel as aantreklike programme voor te hou, beslaan ons program van aksie 'n veel breër terrein.

Een van die take wat ons trag te vervul, is om by die jong man en vrou weer liefde te kweek vir ons bodem. Die jeug moet weer besef watter aangename gewaarwording dit is om die vars reuk van omgeploegde grond in die neusgate te kry. Om hierdie doel te bereik is die LANDSDIENSKAMP vir die April-vakansie gereël. Hier gaan ons weer leer wat dit is om naby die grond te lewe.

**Die volgende taak wat ons aandag geniet is om die geskiedkundige plekke met die geskiedenis daaraan verbonde vars te hou in die geheue van A.S.B.-lede.** Met dié doel voor oë sal uitstappies gereël word na genoemde plekke in die omgewing van Potchefstroom. In hierdie verband kan ook genoem word dat die A.S.B. 'n lewende aandeel sal hê in die reëling van die jaarlikse Krugerfees op Potchefstroom. Maar ook met daadkragtige optrede lê die A.S.B.-tak van P.U.K. 'n krans op die graftes van ons volksverlede. Net buite Potchefstroom is die Konsentrasiekamp-kerkhof geleë, wat in 'n uiters verwaarloosde toestand verkeer. Hierdie kerkhof gaan deur A.S.B. sodanig opgeknap word dat dit waarlik omgeskep gaan word in 'n lushof. Die konsentrasiekamp-kerkhof van Potchefstroom sal word

(Vervolg op bls. 11, kol 2).

*Die Kwaliteit tel altyd.*
Probeer hierdie vir Ekonomiese en durende gemak.

* * *

Sportbaadjies—Embassy.
Sportbroeke—Alba.
Sportskoene—Master 6.
Nuutste Hoede—Battersby.
Pakke Klere—Perfection.
Reënjasse—Durburg.
Pyjamas—Monatic.
Hemde—Consulate.
Onderklere—Meridian.
Dasse—Tootal.
Kouse—Wolsey.
Kruisbande—Guyot.

* * *

ALLES VERKRYGBAAR BY
**TOD SUTTIE'S**
Die Mans Klerewinkel.

**MODERN FURNITURE MART**
KERKSTRAAT 128,
VIR AL U MEUBELS.
„DE WALD RADIOS" in voorraad sowel as Slaapkamer, Draagbare en Tafelradiogramme.
REDELIKE PRYSE.
Maklike terme kan gereël word.

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER
**J. P. V.D. WALT.** L.F.V
Apteker
Kerkstraat 111 (langs Ackermans)
Foon 929,
POTCHEFSTROOM.

* * *

Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.

**CORNER FRUIT STORE**
VIR
VARS VRUGTE EN GROENTE
DAELIKS.

• • •

HOEK VAN KING EDWARD EN RETIEFSTRAAT.
Foon 118.

*Die Wapad.*
8 April 1949.

# LEWENSKRAGTIGE DROME

**'n Gesonde blos op die wange; regop skouers; 'n fiere houding van die hoof; oë wat wakker en reguit kyk; vol lippe wat tog ferm sluit en 'n stem wat helder en oortuigend spreek . . . . dit word van die jongmens gevra; in hom moet die lewe in sy bruisende krag gesien kan word.**

**Dit geld ook vir die volksjeug.**

As die volksjeug doods is, sonder spontane uiting van lewenslus, sonder bruisende weghardloop-lewe, dan is dié volk se toekoms somber en duister. In die volksjeug moet die volkswil om te lewe met jubelende krag tot openbaring kom. Die jeug moet ontembaar wees in die drang om uiting te gee aan sy nasionale bewustheid; sy dartelende lewenslus moet ook in sy nasionalisme met sprankelende spontaniëteit uiting vind.

**Dit is die eer van die jeug.**

Sy skande sou dit wees as die jeug aangepor moet word om 'n bietjie lewe te openbaar.

Die nasionale lewenslus wat met elke polsslag in die jongbloed klop moet voortdurend aan die volksleiers die eis stel: Hoe en waar kan ek my jong krag ten beste stel tot diens van my volk? Soos 'n jong stalperd, wanneer hy uitkom onder die saal, gedurig aan die teuels ruk om sy baas te beweeg tot skietgee van sy stywe greep en wegbuk oor die saalkop sodat hulle die bulte met lang hale van spierkrag en bruisende lewe kan wegkap in 'n dolle vaart van opgekropte energie . . . . **dit moet die beeld wees van die nasionale jeug! Stuwende nasionale lewenslus is die hoogste bydrae wat die jeug kan lewer ter besieling van die leiers van 'n volk. Só dringeng, só vol aandrang moet dit wees dat dit vir die leiers terselfdertyd hul besieling en hul probleem sal wees . . .** .probleem in die sin dat gedurig aanspraak gemaak word op hulle beste kragte om die ondambare stroom van wil-tot-lewe in die nodige en regte kanale te lei. Dit mag nooit gebeur dat kanale droog lê en wag op die stroom van nasionale jeug-energie nie . . . . die stróóm moet altyd teruggedam word! Daar moet altyd wagtende nasionale lewensenergie by die jeug wees.

Vir 'n volk met so 'n jeug is daar hoop!

Die A.S.B. is 'n saamtrekking van 'n groot en belangrike deel van die Afrikaanse jeug. Ruk ons, beur die A.S.B. soos 'n omhoogsteierende jongperd aan die teuels? Voel ons deur ons are bloed jaag, gloeiend van 'n jong volk se wil om te lewe—om vry te lewe?

Twee dinge is hiervoor noodsaaklik: ons moet kinders wees van die toekoms en kinders van ons tyd. Met die fierheid van die jeug moet ons die toekoms in marsjeer, met wakker oë gerig op die ideaal van 'n skoon vlag en 'n eie vrye Afrikaanse staat wat gegrond sal wees op Christelike politieke beginsels—ons christelik-nasionale grondslag. Tegelykertyd moet ons deur studie en warme meelewe met ons volk instaat bly om die roepstem wat daar uit ons volk se teenswoordige toestand en probleme tot ons kom te verstaan; die daad waartoe ons volk ons vandag roep moet ons kan inpas in ons opmars na 'n toekomsideaal van 'n vrye christelik-nasionale blanke staat. Die twéé stemme, die stem van die hede en die stem van die toekoms, moet vir ons groei tot éen roepstem, **tot éen roeping** waarop ons met éen daad antwoord. **Abraham Lincoln,** die bekende Amerikaanse President, word beskrywe as 'n man wat na twee sange geluister het: **één wat hom teëruis uit die ideale wat die volk moes opvolg, en één uit die stem van die volk self. Eers as altwee stemme vol in sy ore ruis, het hy voorwaarts gegaan.**

Die A.S.B., elke A.S.B.-lid moet deur getroue studie van ons volksprobleme; deur intieme saamlewe met sy volk; deur gehoorsaamheid aan

die roeping van die christelike blanke beskawing in Suid-Afrika, afwagtend sy ore spits om die marslied van sy roeping te hoor. Dan sal in ons mars waarlik gesien kan word die stuwende kloppinge van ons jong volk se lewenspols.

Saam met ons volk staan ons voor die aktuele probleem—die kleurvraagstuk. Dit is by uitstek die probleem van die jeug van vandag. Om ons verantwoordelikheid nog groter te maak—die A.S.B. is die sametrekking van die studiekrag van die Afrikaanse jeug. Daarom is dit by uitstek die taak van die A.S.B. om 'n finale antwoord te soek en te gee . . . . één antwoord vir die dubbele roepstem wat tot ons kom. Die huidige situasie roep dringend tot ons. Dit is nie meer soseer 'n toekomstige geslag wat bedreig word nie en van wie ons die gevaar moet afwend nie. Dit is onsself! Die monster van die swart gevaar, (dronk van bloedrooi Russiese wyn), staar ons in die aangesig . . . . moordlus gloei in sy donker oë, sy lippe krul wreed van die geel tande weg, sy swart arms sirkel reeds dreigend om ons, sy hande, soos kloue saamgetrek, grypend na ons keel. Ons eie **bestaan**—nie slegs ons **voortbestaan**—is op die spel! Die stryd om blank Suid-Afrika is **ons stryd!**

Daarom gaan A.S.B. die saak aanpak op die eerskomende kongres. Ons gaan **begin** om na die beste van ons vermoë te luister na die roepstemme van hede en toekoms. Die Hoofbestuur wil nie in die minste te kenne gee dat hierdie eerste kongres die saak in al sy veelvuldige aspekte moet oorsien en deursien om daarna 'n finale antwoord te gee nie. Maar dié kongres gaan die **eerste paar tree** van die A.S.B. wees in sy mars na sy toekomsideaal, gehoorsaam aan die dubbele roepstem van sy roeping.

Die dag sal kom—en miskien gou!—dat ons sal **moet** antwoord, en wel met woord **en daad.** Dan moet ons gereed wees! Die Kommunisme sal sy moontlike ryk prooi nie sommer so maklik uit sy tande laat ruk nie.

Die wêreld daag ons as Afrikanerjeug uit in hierdie vraagstuk—en ons sal **alleen** moet antwoord; ons alleen kán antwoord. Hier weet alleen die ras-egte Afrikaner raad. En onder hulle is dit ons, die Boerejeug, wat die finale en beslissende antwoord **sal moet gee.** Ons antwoord, ons optrede, ons daad sal **finaal** beslis vir of teen die blanke christelike beskawing in Suid-Afrika—ja, in Afrika!

Daarom, laat ons **nou** begin om ons voor te berei om op dié dag 'n antwoord te kan gee, getrou aan die tweevoudige roepstem van ons roeping. **Roeping—wat 'n heerlike woord! Want elke volk en elke mens ontvang sy roeping van God. Ook die Afrikanervolk, óók die A.S.B. as verteenwoordigers van die Afrikanerjeug. Daarom is dit ons heilige voorreg en plig om die twee marsliede wat ons teëruis uit die hede en die toekoms te beluister as onderdele van die groot marslied van God se ewige Raadsplan soos Hy dit aan ons geopenbaar het in die Bybel. Sodoende sal ook ons volksdiens daarop toegespits wees om die welbehae van die Here te doen.** Al sal dan die woorde-antwoord van die kongres 'n onvolledige begin wees, laat dit die eerste tone wees van 'n marslid wat ons sal voer tot die daad—antwoord van 'n lewenskragtige en gelowige volksjeug.

Laat ons **nou** begin. Gryp broederhand vaster in broederhand sodat lewenspols warm klop teen lewenspols—een onverbreekbare lewenseenheid wat met jeugdige lwnskrag voort marsjeer terwyl ons „droom die droom van ons deur God beglansde bestemming". (Totius).

J. J. v.d. WALT
(Vise-President).

(Vervolg op bls. 12, kol. 2).

**(d) Algemeen:** Milner Papers, )3 II p. 142, )7 II p. 459 (ek onderstreep) Carnegie Komm. Rapport 1932: )5 I pg. XXII, )14 p. 192, )21 p. 195.

Ons universiteite gee geleentheid aan ons jongmense om uit te raas, ons laerskole hou hulle soet en ons middelbare skole verbyster hulle verstand.


# BLACK'S

DAMES EN MANS

UITRUSTERS

* * *

**Posbus 197. Foon 179.**

**KING EDWARDSTRAAT,**
**POTCHEFSTROOM.**

Ons strewe is Diens aan die Publiek.
Service to the Public is the inspiration of our efforts!

Always first with the Latest Shoe Creation.
Altyd eerste met die nuutste skeppings in Skoene.

**Largest Distributors of High Grade Footwear in South Africa.**
**Grootste Distribueerders van Stewels en Skoene in Suid-Afrika.**

# W. M. CUTHBERT

Posbus—296—P.O. Box
Foon—137—Phone
**POTCHEFSTROOM.**

Skoeisel-Spesialiteite
Footwear Specialists

# P. GROBBELAAR

**FOON 331.**

**KING EDWARDSTRAAT 114,**
**POTCHEFSTROOM.**

PRAKTIESE SNYER
EN KLEREMAKER.

★

**Distribueerder van**
**Rex Trueform Klerasie.**

VRA VIR DIE
Beroemde
*"Bennie Osler"*
RUGBY STEWELS
„GRAND CHALLENGE",
"INTERNATIONAL"
EN "JUNIOR"
vanaf 32/6
* * *
DE BRUYN SE
SKOENWINKELS
(EDMS.) BPK.
POTCHEFSTROOM.

WAAROM MEER BETAAL—
EGTE STOOTKANT
GHOLFSKOENE
sonder Spykers vir
29/9

EDWORKS (1936)
BEPERK
KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

LUCILLE
DIE ROK SPESIALIS
Altyd eerste met die
Jongste.
Foon 62.
Kerkstraat 146,
POTCHEFSTROOM.

KOM SIEN ONS
vir u
Fotografiese- en
Aptekersbenodighede.
GEEN EN VELLEMAN,
KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

# Oordenking.

## WEET OF WEES.

JOH. 3: 2, 3).

**„ONS WEET"**—so begin Nikodemus. Hy was 'n lid van die Joodse Hoë Raad, beroemde Skrifgeleerde (vs. 10), beroemde professor in Israel vanweë die teologiese fakulteit in Jerusalem . Daarom begin hy met „Ons Weet." Hy was een van die snuffelaars in die paperusrolle van die Rabbyne. Anders 'n goeie man, maar hy wou ook as geleerde bekend wees, en hy was dit.

„Ons Weet." Hiermee is 'n afdwaling van die Christendom van alle eeue gesignaleer. Toe die hervorming sy eerste geluide laat hoor het, was ook die **Humanisme** aan die woord. Die **mens** het hier die hoogste woord gehad. Hy was die spil waarom alles gedraai het. Deur die „fraaie lettere" moes gekweek word menslike waardigheid, verfyning van sedes en maniere en goeie verstandhouding tussen die mense, omdat hulle gemeenskaplik betrag die ewige en ware en skone. Humanisme het 'n soort godsdiens geword. 'n Humanis het uitgeroep: „Die fraaie lettere herleef, die Evangelie van Christus is herbore!"

En nou moet volgens die Humanis **die skole** kom ten einde die mense in staat te stel om te sê: „Ons Weet." In die Kerk was ook die invloed van hierdie mens-veredeling deur al die eeue heen groot. En so sal dit bly. Altyd maar die opkweking van die mens. Altyd weer die hoë woord van die bewaarders van die tempel in Jerusalem of die tempel van geleerdheid: Ons weet.

Daarteenoor stel Jesus sy uitspraak as antwoord op die „Ons weet" van alle tye: **„Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.** (vs. 3).

Geleerdheid is wel goed solank dit binne sy perke bly, d.w.s. aan die deur God gestelde bestemming daarvoor beantwoord, maar Jesus proklameer die waarheid dat dit nie gaan om die weet nie, maar om die wees: tensy iemand wedergebore **is.** Daar moet 'n **nuwe begin** wees; daar moet 'n nuwe **mens kom.**

Dit het die Hervormers, Luther en Calvyn, wat teenoor die Humanisme opgetree het, verstaan. Hulle het erns gemaak met die woorde van Jesus: „Wat uit vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees" (vs. 6).

**Mensverbetering is op sigself maar net vleesverbetering. Calvyn moes as jong geleerde 'n redevoering opstel vir die leraar Cop. Daarin kom hierdie sinnetjie voor: „Die saligheid sou immers geheel onseker wees as dit afhang van ons sedelike of godsdienstige werke."**

Skoolstelsels ja, maar watter soort?

Terdeë moet ondersoek word of die Christelike vernisse nie maar uit Humanisme is nie. Aartsbiskop Tempel het onlangs geskrywe: „Humanisme bestaan in die aanvaarding van baie Christelike lewensstandaarde **saam met 'n** verwerping of verwaarlosing van **die enigste bronne** wat nodig is om te bereik."

J. D. DU T. (Totius).

Pukke is altyd hartlik welkom by
UNIEWINKELS
as hulle in Johannesburg is.
ONS VOORSIEN REEDS DIE VOETBALTRUIE EN KOUSE.
Binnekort maak ons 'n belangrike aankondiging i.v.m. die
KLEURBAADJIES.
UNIEWINKELS BPK
KERKSTRAAT 45. FOON 22-4746.
Johannesburg.

## TALENTFEES.

**DIE ALGEMENE BESTUUR VIR KUNS EN KULTUUR** het die eer om aan alle Pukkies die volgende bekend te maak:—

Daar word deur genoemde bestuur 'n talentfees gereel met die **doel om belangstelling in die ontwikkeling van kultuur aan die P.U.K. gaande te maak**, en om aan elkeen die kans te gee om aan sy talente reg te laat geskied.

Die fees word gehou d.m.v. kompetisies op byna elke kultuur-gebied, waarvan voorlopig o.a. die volgende genoem kan word:
**Musiek** (instrumentaal en vokaal), **opstelle, kortverhale, voordrag, beeldende kunste, redenaarskompetisie** en nog baie ander.

Hou die Wapad en die kennisgewingbord dop vir verdere kennisgewing en besonderhede.

## SPORT

**Hiermee wens die Redaksie verskoning te maak dat ons nie in hierdie uitgawe 'n sportverslag kan plaas nie. Ons wil egter Theos. geluk wens met hulle skitterende oorwinning oor Groblersdal en die hokkiespan se prestasie oor Proefplaas (5—0).**

(Vervolg van bls. 9, kolom 2).

daat, aan die Village Main Reef, alwaar hy Junie 1902 bestuurder geword het, deurgevoer. Hy het **doelbewus** blanke ongeskoolde werkers in diens geneem tot Maart 1903 toe sy direkteure besluit het dat die proefneming „nie winsgewend genoeg" (L.W.) is nie. Dié gedagte van Creswell is heelhartig ondersteun deur W. Wybergh, Transvaalse Mynkommissaris, W. Monnypenny, vaardige redakteur van „The Star", Liberale kringe in Engeland en blanke kringe in Suid-Afrika, nie-belanghebbend by die Kamer van Mynwese. )6

Lord Milner (en sy regime) was hierteen heftig gekant: „Our welfare depends upon increasing the quantity of our white population, but not at the expense of its quality . . . not a **white proletariat** . . . . (but) a white man's country . . . in which a largely increased white population can live **in decency and comfort** . . . We have got the capital but it also requires a large amount of **rough labour.**" )7


***„OORVERTEL DEUR SPRINGBOK" Nr. 1***

# Die Man wat nooit 'n Wedloop verloor het nie!




**Eerw. G. W. Rolland, wat dikwels die grootste Suid-Afrikaanse naelloper van alle tye genoem word, het nooit 'n wedloop verloor nie!**

**„Sporting Parson" Rolland, wat reeds as skoolseun 'n ster op die baan was, het sy grootste prestasie behaal met sy 100 tree in 9.6 sekondes . . . dit was in Port Elizabeth in 1882.**



**„Oorvertel deur Springbok" werp die soeklig op 'n ander groot Suid-Afrikaanse baanbreker, nl. Danie Joubert. Sy tyd van 9.4 sekondes, wat in 1931 in Grahamstad aangeteken en 16 jaar later as die wêreldrekord erken is, staan tot vandag nog as die wêreld se rekord oor 100 tree!**




**10 - 20 - 50**
***Met of sonder Kurk***

# SPRINGBOK

*Die Sportman se Sigaret*

U/S 355

**Creswell het volgehou dat deur die groter vaardigheid en intelligensie van die blanke, met 'n beperkte naturelle arbeidsvoorraad in 1903 net so goedkoop as in 1899 gewerk kon word MITS die myneienare doelbewus op sukses afstuur. )8 Die ekonomiese ontwrigting het trouens die kans tot proefneming gebied.**

**MILNER CHINESE ARBEIDSEKSPERIMENT:**

In plaas hiervan het Lord Milner die Kamer van Mynwese besonder behaag deur die invoer van duisende Chinese koelie-arbeiders onder kontrak.

Die aanbod van naturelle het tyde-

(Vervolg bls. 8, kol. 1).



(Blok geleen van „The Star")

INDRUKKE VAN . . .

# DIE BIBLIOTEEKBRAND.

**Mens ry of stap deesdae elkers by die mure van die eertydse biblioteek verby, en selfs die gebarste mure en die tydelike dak en gapende venstergate is nie sterk genoeg om die besef, dat ons biblioteek nie meer daar is nie, tot in sy volle omvang en werklikheid te laat deurslaan nie. Die hopelose hoop lê in ons almal soos 'n verbete vegter wat nie wil verloor nie: môre, of as ek weer kyk, sal die rooi teëldak en die kalm boeke-rye en die fluisterstiltes langs die breë kiaathouttafels maar weer daar wees—soos al die dae en jare voor die 23ste Februarie 1949.**

Maar die werklikheid laat nie met hom spot nie. Ons het dit met eie oë gesien: Rook—'n mens roep die beelde maar terug omdat dit ons altyd baie duidelik sal bybly—rook, in swaar kolomme die Suid-weste in—rook—hoe het die arbeid van geslagte nie rook geword nie! Elkeen wat in alleryl opdaag—die gerug is die gemeenskap soos 'n brand deur—'n oomblik verbyster! Maar die omvang van die gebeure laat hom nie in 'n oomblik in die kanale van ons begrip—en verstaansvermoë inkeer nie! **Help, doen iets, red, maak dood**—vlambevele wat nooit beveel is nie, tog is dit dadelik gedoen!

En onder die balkon se dak, wat elke oomblik kon instort; swaar en warm teëls wat kon val, het die studente met onverskrokkenheid gered wat te redde is. Tussendeur—bevele, skreeue, geen formaliteite, breekhoue in beurslae teen die deure—alles onsagte en ongeduldige kloppe by 'n wrede gasheer wat uitjaag en gulsig verteer met spottende gekraak en geknetter wat geen indringing en trotsering duld nie!

**Waterslange en wisselvallige gedreun van pompmotore—die dak val —daarmee saam die hoop om iets te red—in die mure krul die barste oop, die kamers van die biblioteek word 'n vuurherd wat as enigste brandstof gebruik, 30,000 boeke; 30,000 boeke, die eertydse kragbron, die vuur waar baie P.U.Kanergeslagte hulle by warm gemaak het; 30,000 boeke wat met min geld en baie liefde en troue ywer gebou, aangevul en teer versorg is.**

En bo-oor die hoë mure en deur die oop vensters—mens sien nog hoe die hitte en die wind die glas soos wit systof uitwaai—het die sterk waterboë gestaan wat die warm as van 30,000 boekdele doodspuit—en soos die hitte bedaar en die koolstof-dampe minder word, het die studente, professore, lektore by die deur en oop, verbrande vensters verskyn, selfs boop die mure. Hoop teen hoop. Hulle het tussen die nat as van baie boeke gesnuffel—miskien! Hier 'n halwe voorblad van 'n ou Huisgenoot met twee voëls op—nou met 'n swart raam, daar 'n buiteblad waar mens iets van Cicero kan uitmaak! Maar van die reekse, reekse geleerdheid,

(Vervolg bls. 12, kol. 2).

P. H. JOB

King Edwardstraat 51,
(oorkant Queen's Hotel)
POTCHEFSTROOM.
Foon 1031.

Agent ELECTION horlosies
Büren, Lanco, Ernest Borel, Renee etc.
VIR EERSTEKLAS REPARASIES
EN GRAVEERWERK.

# DIE TAAK VAN DIE AFRIKANERSTUDENT.

**Wanneer die Afrikaner sy debuut as student aan een of ander universiteit maak, het hy gewoonlik 'n ideaal waarvoor hy sy kragte inspan. In sy persoonlike lewe speel hierdie ideaal 'n deurslaggewende rol. Dit gee rigting aan sy doen en late as student. Maar onbewus sal hierdie ideaal onder die invloed van omstandighede breër en omvangriker gemaak word; soms selfs radikaal verander word. Die rede hiervoor is dat ideale dikwels die tekens van onrypheid dra, en met die groter ervaring van die lewe en wisselwerking van persoonlikhede 'n nuwe uitkyk op die lewe gebore word. Daarom is dit goed om 'n kort blik te werp op die taak wat vir die Afrikanerstudent wag op universiteit, want dit kan vir menigeen miskien die bakens aandui waarbinne die jeugdige kragte winsgewend aangewend kan word.**

Die student se eerste taak is om die geleenthede te gebruik om die kennis wat aangebied word, sy eie te maak. Die kulturele draagkrag van die menslike gees is groot, en die toekoms vereis dat die student nie leeg van die universiteit moet weggaan nie. Hierdie kennis moet sy eie gemaak word en as 't ware ingepas word in sy eie persoonlikheid. Dit moet hom diep nederig maak voor sy Skepper en die alwyse God. In hom moet 'n hartstog ontbrand om tot die diepste wese van dinge deur te dring, sodat die harmonieuse samestelling van die natuur en kultuur lig werp ook op sy besondere studieterrein. Wat die neweprodukte van 'n studie aan die universiteit ook al mag wees, hoofsaak moet bly dat die student homself nie alleenlik sal oriënt en in 'n paar studierigtings nie, maar ook sal bewapen met feitekennis, waarop in sy latere lewe dikwels aanspraak gemaak sal moet word. Die ideale toestand nog is dat hierdie kennis „besonke" en volkome geïntegreerd moet wees. Hiervoor weer sal intelligente studiegewoontes nodig wees. Om dit aan te kweek is 'n preliminêre vereiste.

'n Woord van waarskuwing aan die oningewyde sal ook nie onvanpas wees nie. Die leerstelling dat 'n mens op universiteit eintlik maar net leer waar die informasie te vind is, en dat die werklike verwerwing van kennisinhoud nie van fundamentele belang vir die toekoms is nie, yind nogal ondersteuning in kringe waar 'n mens dit nie verwag nie. . Dit is 'n misleiding, want die vormende waarde van werklike kennisinhoude word dan nie na waarde geskat nie. **„Kennis is mag"** moet in die letterlike sin opgeneem word. **As iemand kennis besit, het hy ook die vermoë om iets te doen.** Verder moet ook nooit uit die oog verloor word dat universiteite inrigtings vir die bewaring en verspreiding van kennis is, (ook wetenskap genoem) en wie dus die inrigting verlaat sonder 'n werklike kennisinhoud, het nie die ware doel van 'n universiteit verstaan nie.

Wanneer die student tot 'n mate die fundamentele kennisinhoude verwerf het, breek die tyd aan dat hy homself op een op ander vraagstuk in sy vak sal toelê om sodoende die kennis te konsentreer en vrugbaar te maak ter bevordering van die menslike kennis. Hy word nou 'n navor-

(Vervolg op bl. 10, kol. 2).

## KENNISGEWING

**Volgens 'n omsendbrief van die Hoofbestuur van A.S.B., word twee toere vir A.S.B.-lede gereël.**

1. **Buitelandse toer na Amerika en Europa, Des. 1949—Feb. 1950.**
2. **Toer na Victoria Valle: Julie 1949.**

**Besonderhede moet in beide gevalle by die plaaslike taksbestuur verkry word en besprekings moet die Direkteur van toere voor 7 Mei en 30 April respektiewelik bereik.**

# STERKTE

'n Spoedige herstel word die biblioteek van die P.U.K. toegewens. Mag dit die studente nie aan vuur ontbreek nie. Sterkte in die nuwe jaar. „Voor in die Wapad brand 'n lig."

**KRITZINGER VAN KERKSTRAAT**

* * *

Volledige adres:

**J.N.J. KRITZINGER**

FOTOGRAAF

**ROYAL HOTEL-GEBOU,**
**Kerkstraat 84, Telefoon 455,**
**POTCHEFSTROOM.**

N.S.—Ons ontwikkel ook films en maak afdrukke en vergrotings van u negatiewe. Kyk gerus na die gehalte.

KRITZ.

**W. J. SPAVINS EN SEUN**

**VIR ALLE**

Elektriese Benodighede, Draadlose, Koelkaste.

**KERKSTRAAT 65,**
**POTCHEFSTROOM.**

**POTCHEFSTSROOM**
**DRY CLEANING WORKS**

**FOON 789. POTGIETERSTRAAT 18.**

**PROBEER ONS**

VLEKLOSE DROOGSKOONMAAK EN SPOEDIGE AFLEWERINGS.

*Eienaar:*

**P. D. DE WET POTGIETER**

**POTGIETERSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

# W. J. GROBBELAAR

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*
*Jamal Machineless Cream Perm.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Tabak-handelaar en Fantasiegoedere.

Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.


(Vervolg van bls. 5, kol. 3).

lik onvoldoende gebly deurdat (1) die naturelle stamleefwyse daarteen gekant was; (2) die spandering van £35 miljoen rekonstruksielening volop tydelike arbeid in skynwelvaart voorgetower het; (3) baie nog in die Engelse leër gedien het; (4) demoraliserende en valse-hoop kompleks deur Engelse oorlogsbeloftes; (5) die inhalige loonsverlaging van die Kamer van Mynwese, juis ten tyde van die skynvoorspoed. )9

Die Chinese arbeiders het in toenemende getalle na die land gestroom en werklik ekonomiese opbloei veroorsaak dog wat die arbeidsverhouding betref in steeds ongunstiger verhouding vir die blanke. Waar kort na die oorlog met behulp van m asjienbore 1 blanke met 5 gekleurdes gewerk het, delf 30 gekleurdes met 1 blanke nou met die hand. Die Chinese het in roof en plundertogte die land verontrus en Suid-Afrika het onder die vrees van nog 'n **Engels-ingevoerde Asiateprobleem** gelewe. )10 Daarby het duisende werklose blankes in 1907 nog om 'n heenkome gesoebat, „Cases are very serious and the distress acute." )11 Die hele situasie het kulmineer in 'n staking 1907 waardeur 3,000 persone sonder werk was en baie die land verlaat het na die spoorbouprogram van Kanada )12 Albua, lid van die Kamer van Mynwese stel dan ook aan Genl. Botha: „We have no room for them." )13 Op die Afrikanermynwerker is defnitief met veragting neergesien sodat in 1911 nog net 30% van die blanke mynwerkers Afrikaners was. )14

**Blanke emigrasie** dus ten gunste van **Asiate immigrasie** terwille van hoër geldelike profyte!

Quinn en Whiteside, twee lede van die Arbeidskommissie in 1903 het die ignorering van die Creswell-proefneming dan ook baie sterk betreur. )15 Mynmagnaat C. D. Rudd het die vervanging van 200,000 naturelle deur 100,000 blankes as gevaarlik bestempel deurdat hulle politieke en ekonomiese dominering kon uitoefen op die base. Gekleurde arbeid daarenteë was 'n **nuttige buffer** tussen blanke werkgewer en werknemer. )16 Dit hang natuurlik nou saam met laer bedryfskoste en groter winste. Die Kamer van Mynwese was onverbiddelik in sy verset teen die Creswell-aandrang op arbeidsparende werktuie ten gunste van die verhouding tussen blanke en gekleurde werkers. )17.

Hierdie konflik in arbeidspolitiek is deur die Liberale Party in Engeland uitgebuit met slagkrete soos **„slavery under the Union Jack"** en in 1906 het hulle die oorwinning by stembus behaal. Deur die belofte van Smuts dat Suid-Afrika sy eie bestuur tot beswil van die Ryk kon behartig, is selfregering toegeken en behaal die Afrikaner „Het Volk" party onder leiding van die boere-generaals, gesteun deur die gematigde Engelse Nationalists w.o. Hull, Solomon, Wyberg, Creswell en Whiteside, die oorwinning by die stembus. Die Opposisie is byna uitsluitlik deur belanghebbendes by die Kamer van Mynwese gevorm. (Farrar, Fitzpatrick, Abe Bailey e.a.)

**Die hele kruks van regering en opposisie in die Transvaalse regering 1907 draai dus om die spil van arbeidspolitiek met verwante probleme.**

**DIE BESLISSING VAN ARBEIDSPOLITIEK:**

Die kabinet het dadelik 'n Arbeidskommissie onder voorsitterskap van A. Stockenström aangestel om te rapporteer oor die invloed wat uitgebreider meganiese arbeid sou hê op die **indiensname van blankes, produksiekoste** en die **vraag na gekleurde arbeid.** )18 In die rapport Maart 1908 kry ons die konflik tussen „national policy" en „prices on the Stock Exchange." )19 Om hierdie rapport krities in al sy belangrike aspekte te

(Vervolg bls. 11, kol. 3).


*Wanneer u*

OU VRIENDE(INNE) WIL ONTMOET,
LANG PRETTE WIL MAAK,
LEKKER WIL ONTSPAN,
EN TERSELFDERTYD LEKKER WIL EET,

*Kom na*

## CACHET VERVERSINGSKAMER

Tee, Koffie, Koeldranke, Eetware, Sigarette, ens., alle tye van die dag verkrygbaar.

Eienaar: H. J. Kruger.

# A.S.B. EN DIE KLEURBELEID.

## Was daar 'n Noodlottige Kleurbeleidkeuse vir Industriële Suid-Afrika in 1900—1910?

**Die A.S.B. kongres sal e.k. Julie die kleurvraagstuk positief aandurf. Onwillekeurig doem die vraag na vore of hierdie vraagstuk vroeër in ons geskiedenis uitgeskakel of beperk kon gewees het. Die vraag is nie alleen interessant nie, dog ook aktueel.**

Deur die vernietigende werking van die Anglo-Boere Oorlog 1899—1902 is die hele Suid-Afrika voor 'n nuwe begin geplaas—'n hergeboorte van universele aard. Die kleurvraagstuk in Transvaalse industrië, veral op die myne, kry nou dus 'n universele beslag: nie 'n blote Transvaalse probleem nie, dog 'n probleem vir die Unie van Suid-Afrika wat 1910 die lig sou sien .

Die oorlog het die aantal naturelle-arbeiders aan die Rand van 96,000 in 1899 tot 16,000 laat daal. )1 Lord Milner, die groot imperiale oorlogsdrywer, het die **status quo ante bellum** as uitgangspunt geneem en deur 'n **modus vivendi** met Mosambiek in Des. 1901 sowat 40,000 naturelle dadelik op vooroorlogse loonskale aan die myne gewaarborg. )2 Die na-oorlogse ekonomiese struktuur was egter totaal ontwrig: spoorlyne , produksievermoë, handel, verbruik ens. was lamgelê. Die status quo was dus 'n optimistiese uitgangspunt. 'n Skyn-ekonomie is bewerkstellig deur die aanwending van 'n £35 miljoen-lening.

**Gekleurde arbeid was vir die Milner politiek essensieël om die myne opnuut te floteer, sodat hulle as ruggraat van die „British Supremacy", die nodige aantal Engelssprekendes na die Rand kon lok „to qualify as voters . . ." )3 Die sterkste sekondant van die Milner politiek was dus die Kamer van Mynwese en omgekeerd.**

Die morele en materiële ontwrigting van die platteland deur die oorlog het duisende Afrikaners reddeloos op die arbeidsmark saam met die gekleurdes gedrywe. )4 Dié blanke aanbod was so sterk dat baie **nooit** absorbeer kon word nie. )5

In die Milnerpolitiek was hierdie feit van geen ander as blote ekonomiese betekenis nie. Tot groot vreugde van die Kamer van Mynwese, van wie baie lede politieke adviseurs in die Legislative Council was, het hy hulle heelhartig gesteun in die ortodokse arbeidspolitiek: **toespitsing op die verwerwing van baie goedkoop gekleurde arbeid, en uitbreiding van die blanke bevolking, na gelang sukses hiermee behaal word.**

**CRESWELL BLANKE ARBEIDSEKSPERIMENT:**

'n Vérsiende arbeidseksperiment is deur F. H. P. Creswell, (latere Minister van Arbeid) 'n oud Engelse sol-

(Vervolg bls. 5, kol 1).

Die Firma van
**DAVY ROBERTSON se ATELJEES**
Alom bekend vir die produksies van die mees moderne **PORTRETTE.**
Ook vervaardig ons **FOTO-RAME.**

**DAVY ROBERTSON**
Bus 99. Telefoon Nos. 317 & 493.
**POTCHEFSTROOM.**
**Ook te Rautenbachs-geboue, Klerksdorp.**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË.

Potchefstroom
se Mees Moderne
DAMES-KLEREWINKEL

Die jongste versameling van
**Dames rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodighede, ens**

BY

**LA VOGUE**
(J. M. Taylor)
**Posbus 221. Foon 440.**

*LEES*——

Die Westelike Stem

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.

——:o:——

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

SELMA'S

TEE-KAMER

KING EDWARDSTRAAT 87.

Foon 933.

BESOEK SELMA'S TEEKAMER,

waar u in stilte en netheid

VERVERSINGS, ETES ens.

KAN GENIET.

GILFILLAN EN STROH

POTCHEFSTROOM.

FIETSE EN FIETSREPARASIES


(Vervolg van bls. 7, kol. 2).

ser. Sy taak is nou om feite op 'n bepaalde brandpunt stelselmatig te ondersoek in 'n poging om nuwe kennis na vore te bring. Hierin veral het hy 'n hoë roeping. Hoe gering en onbeduidend die bepaalde probleem ook al in die oog van die oningewyde mag lyk, dit mag die navorser nie ontbreek aan geloof en volharding nie, want juis elke klein vordering wat hy maak vorm die basis vir verdere vordering, totdat uiteindelik die wêreld verras word met 'n verstommende ontdekking of ontwerp.

**Die vraag ontstaan juis of die Afrikanerstudent nie miskien gedurende sy universiteitsjare te min aandag wy aan hierdie pragtige geleentheid om ingelei te word in die geheime van wetenskaplike navorsing nie.**

Juis terwyl die student met hierdie dinge besig is vind 'n proses plaas wat ons gewoonlik die ontwikkeling van sy persoonlikheid noem. Die aanraking met die beste wat die menslike gees deur die eeue voortgebring het kan nie anders as om vormende invloed op die jong en ywerige gemoed te hê nie. Ook die kennismaking met soveel ander denkrigtings waarvan hy tevore nie bewus was nie bring nuwe gesigspunte en heel dikwels ook nuwe lig. **'n Nuwe panorama van skoonheid en probleme word voor die geestesoog onttower,** soms met verbysterende gevolge. Hierom juis is dit so noodsaaklik dat die gees en koers van die universiteit so na as moontlik aan die student se huislike lewens- en wêreldbeskouing moet wees, want anders kan hy so ontruk word van alle anderplekke in sy denklewe dat hy 'n koerslose intellektuele wrak word. Verruiming en ontwikkeling van persoonlikheid is nodig, maar dan sonder vernietiging van die allereerste fondamente. Van die student word nie verwag om 'n totale metamorfose te ondergaan en heeltemal 'n anderssoortige wese te word, skaars herkenbaar deur sy vorige onderwysers en selfs ouers nie. Deur 'n intiemer kennismaking met die groot probleme in die lewe, en deur die toetsing van sy eie beskouings aan dié van ander studente met 'n ander lewensagtergrond, moet die geldigheid van eie persoonlike denke en doen vasgelê word. **Die „hoekoms" en „waaroms" van die lewe moet teoreties al duideliker word, totdat die 'n bepaalde lewensvorm aanwys. Dit is die geboorte van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing, die hoogste skat in die lewe van elke persoon.** Die taak van die Afrikanerstudent is dan ongetwyfeld om in harmonie met sy historiese afkoms 'n persoonlikheid te ontwikkel, standvastig, vol selfvertroue, skoon, edel, maar tog nederig en dankbaar aan die fondamente gelê deur ouers en opvoeders.

Ons glo egter dat die Afrikanerstudent ook nog 'n hoër roeping het as om net die eie te dien en ontwikkel. Hy is lid van 'n jong maar lewenskragtige volk. Nie alleenlik is hy lid nie, maar ook 'n leidende burger van sy volk. Hy moet hom dus vergewis van die nasionale skatte wat sy ouers en voorouers vir hom vergader het. Hy moet besef dat hy lewe by grasie van sy volksverlede. Die

(Vervolg bls. 11, kol. 1).


STUDENTE!

Vanaf 1 April a.s. sal

DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK

(Eienaars van: „Die Vaderland," „Die Brandwag," „Rooi Rose," „Kort en Goed," „Sondagnuus," ens. ens.)

nie alleen in daad maar ook in NAAM in POTCHEFSTROOM verteenwoordig word. Vanaf genoemde datum sal ons handeldryf onder die naam van:

DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK

in die ou "Herald" Geboue (Kerkstraat 110)

wat tans herbou word in 'n pragtige MODERNE WINKEL vir:

BOEKE, SKRYFBEHOEFTES en PRESENTE.

Ondersteun u Afrikaanse besigheid!

DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK

Posbus 149. Foon 363

Potchefstroom

(Voorheen: DIRK PONS & KIE.)

KERKSTRAAT 110,



DRIE BEROEMDE

1/6 GENEESMIDDELS:

Alma Hartdruppels,

Metafos: die groot senuweeversterker,

Maxo Poeiers vir Hoofpyn, Rumatiek en Griep.

S. M. LEWIS, BPK.,

APTEKERS,

POTCHEFSTROOM.

roepstem kom dus tot hom om in aansluiting by daardie verlede sy burgerlike aandeel aan die emansipasie van 'n jong volk te neem. Sy meerdere kennis en geestelike ervaring moet hy diensbaar stel aan sy minderbevoorregte makkers wat na hom opsien om leiding. Ook in die nasionale uitlewing van die indiwidu is daar sekere kennisinhoude wat gedurende die studiejare bemeester moet word. Wat eers maar net 'n beeld van veraf gesien was, word nou al hoe meer werklikheid, en die belewing van heerlike nasionale voorregte bring bruisende lewensgeluk. Die meeste studente verwerf volle burgerskap terwyl hulle aan universiteit studeer. Hierdie burgerskap moet gegrond wees op 'n waaragtige besef van die ryke inhoud van hierdie hoogste voorreg en plig van elke landsburger.

Maar nie alleenlik is die student met sy verlating van die universiteit 'n landsburger nie, maar ook 'n belydwende lidmaat van sy kerk. Dit sal dus sy taak wees om gedurende sy studentejare ook die diepere inhoud van die Christelike leer te deurvors en rekenskap van sy godsdienstige begrippe te gee. Hierdie sy van die student se taak word dikwels oor die hoof gesien. Die mens bestaan nie net uit intellek nie. Wie sy godsdienstige ontwikkeling gedurende hierdie vormende jare op die agtergrond stel, loop gevaar om ten spyte van verdiensctelike prestasies op die universiteit nie die volle vryheid van sy persoonlikheid te geniet nie en deur die godsdienstige kern van sy volk as 'n vreemdeling aangesien te word.

**Die universiteitsjare moet vir die Afrikanerstudent 'n onvergeetlike skakel vorm tussen onvolwassenheid en volwassenheid, tussen kinderlike aanname van feite en manlike belyding en belewing van waarhede; tussen droom en wakker word; tussen die vroeër „as ek eendag . . . " en „nou."** Die onverbiddelike eis is egter in die lande van ons afkoms en in ons dierbaar Suid-Afrika met bloed geskryf: „Wees getrou aan God, land, volk en taal."

W. N. COETZEE.

---

(Vervolg van bls. 1, kol 3).

'n lewende blyk van dankbaarheid aan die heldinne van ons verlede. Ons as A.S.B.-jeug gaan daardie krans lê.

Maar ook op ander terreine het ons volk die A.S.B. nodig. Die plaaslike reorganisasie en uitbouing van die REDDINGSDAADBOND is die volgende op ons program vir hierdie jaar. Ook ons volk se minderbevoorregtes moet die A.S.B. se steun geniet. Die P.U.Kaners staan gereed om te antwoord op hierdie roepstem.

**Maar aan ons Alma Mater lewer ons ook diens.** Soos ons almal weet het ons biblioteek afgebrand. Hiermee doen ons dan ook 'n beroep op almal om die A.S.B. van P.U.K. se poging tot insameling van boeke te steun.

**Ons as tak bring die groete oor aan almal. Mag die A.S.B. op alle inrigtings van krag tot krag voortgaan. Ons roep u, geagte lesers toe: Komaan-!**

**W. J. DE KLERK,**
**(Leier A.S.B., P.U.K. vir C.H.O.)**

---

(Vervolg van bls. 1. kol. 3).

bespreek, is hier geen ruimte voor nie. Die meerderheid het die **indiensname van blankes langs natuurlike lyne, veral op die nuwe myne,** bepleit. Die konflik moet bekamp word deur 'n **„effort and a will to succeed."** Die minderheid (uit die Opposisie) het die rapport as **„visionary and unpractical"** bestempel en alleen handelend oor die bevordering van blanke arbeid. )20

Die „Het Volk" leiding was definitiewe voorstanders van die Chinese deportasie—'n voorwaarde van die Im-

(Vervolg van bls. 12, kol. 1).

DIT IS TRADISIE

dat die

**P.U.K.-STUDENT**

van al sy benodighede deur DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL voorsien word.

STUDIEBOEKE, VULPENNE, SKRYFBENODIGHEDE, POPULÊRE LEESSTOF en TIKMASJIENE WORD IN VOORRAAD GEHOU.

ONDERSTEUN U EIE BOEKHANDEL

DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL

Foon 497, Kerkstraat 90,

POTCHEFSTROOM.

(Vervolg van bls. 11, kol. 3).

periale Regering vir selfregering in Transvaal. Tog het hulle ook net so die ekonomiese bate van die myne besef. Hulle leidende politieke beginsel was **eenheid en versoening** tussen rasse, kolonies en belange van die Suid-Afrikaanse bevolking. Dit was veral die praktiese vergestalting van die holistiese filosofie van Smuts wat in 1910 in die Unie sy eerste praktiese beslag verkry het.

Waar die Botha-regering dus nou voor 'n definitiewe beleidskeuse t.o.v. die arbeidsprobleem te staan gekom het: elk met sy **waarheids- en twyfelagtige momente** (soos uit voorgaande sal blyk) het hulle versoeningsideologie wat veral teen die Opposisie gevolg is; hulle hande laat gryp na die goue middeweg. (Net tweekeer is hulle meerderheid gebruik: (1) om die Chinese te deporteer en (2) om die Cullinandiamant aan die Britse Koning te skenk as sinnebeeld van dank vir die parlement. Hier het die Opposisie dit as spandabel vir 'n verarmde land aangevoel). **Die Chinese is dus wel gedeporteer, maar die keuse tot 'n blanke arbeidspolitiek met die risiko van mynnasionalisasie is laat vaar.** Die „slawerny"-bewustheid van die Liberale Imperiale Regering sou so 'n keuse begunstig het.

**Transvaal het dus kapitalisties-konsiderend vir Suid-Afrika gekies** . . . . 'n onheilige kompromie! Omstandighede het hulle die naturelle-arbeid laat lewer, hul aandrang het werkloosheid laat krimp, maar tog . . . . **A.S.B. moet Julie 1949 die kleurprobleem aandurf, wat in sy felste vorm uitkristaliseer op ons industriële gebiede. 'n Vraag wat definitiewe aandag verdien is of die Regering hom nie in 1949, op die vooraand van die ontplooiing van die Vrystaatse goudvelde, die vraag van die Carnegie Kommissie van 1931 moet stel nie,** nl.: „kan die

(Vervolg van bladsy 12, kol. 1).

oorwegende naturelle massa arbeiders nie gedeeltelik ten minste, deur blankes vervang word nie?" )21 **selfs al sou dit nasionalisereing van die myne meebring.** Engeland het die weg reeds gedeeltelik opgegaan, terwyl ontredderde Europa, met die nodige voorbehoud en versigtigheid, die arbeidsmateriaal kan voorsien in 'n **„visionary"-beleid** en met **„effort and a will to succeed."** (vgl. )20)

B. SPOELSTRA.

**VERWYSINGS:**

(a) **Staatsargief Pretoria:** )1 C.d. 903 No 61 bylae 4, )2 C.d. 2104 p. 189-190 )6 C.d. 1897 p. 54 en 76, )8 C.d. 1897-Wybergh, )11 P.M. 15—73/9/07, )12 P.M. 16 77/8/07, )13 d.o., )15 C.d. 1894 p. 43, )16 C.d. 1897 Ev. 13956, )18 Executive Council Minutes 1907 I No. 254, )19 T.K. 187 No. 24, § 52, )20 d.o. p. 135 e.v.

(b) **Tydskrifte:** )4 Tribune 15/4/07, ..16 Times 10/2/03.

(c) **Bibl. Univ. Pta.:** Meyer: Chinese Arbeidsvraagstuk )8 p. 83, )9 p. 45, )10 p. 226-327, )17 p. 471.

(Vervolg op bls.3, kol. 1).

(Vervolg van bls. 6, kol. 3).

kosbare kleinode, kleurafdrukke van groot meesters, versamelwerke, africana—oorspronklike manuskripte van Jan Celliers,, tydskrifreekse—net nat as!

Tussen die soekers, min woorde, min gedagtes. Een groot gedagte en pyn —ons biblioteek!! Die omvang, onberekenbaar. Ons gebede, dié dag en daarna, baie, en **noudat alles terugskuif in die verlede, staan die sterk silhoeët van enkele studente bo-op die puinmure uit soos sterk woorde en suiwer besieling: Ons sal bokant die ramp uitgroei**, want vir hulle wat roepingsbewus lewe, is elke beproewing suiwering en verinniging van roeping én ideaal!

G. B. S. PASCH.


# W. J. GRAHN
HAARKAPPER.

DIT IS DIE STUDENTE SE HAARKAPPER.

*Hier kry U Diens!*

* * *

**LANGS DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL.**

KOM NA


POTCHEFSTROOM

**HANDELAARS**

**Die mees bekende Afrikaanse Handelaars.**

**Fone: 259 & 250.**

**KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**



**DIE NUWE VELOCETTE 149 c.c.**

Twee-silinder, Waterkoeling, met aandryf-as

£147/10/0

**J. HEIDEMA**

**Kerkstraat 30,**

teenoor die Geref. Kerk,

**POTCHEFSTROOM.**

Probeer ons eerste vir u

***WINTERBENODIGHEDE***

GROOT VOORRAAD OP HANDE EN PRYSE WAT ELKEEN KAN BEKOM.

———:o:———

BOTHA GOOSEN

Foon 430 POTCHEFSTROOM Posbus 81


Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom en uitgegee deur die P.U.K.-studente Verteenwoordigende Raad.